(Vers 1)

Ons taal het gely, het gestry,

Deur die storm van tyd, deur pyn,

In hartseer ons mense,

Oor ons land se grense,

Het Afrikaans sterk gebly.

(Vers 2)

Die Kaap moes ons los

Veg vir kos

Elke seun 'n soldaat op sy pos

Met stof in ons hare,

Deurweek met genade,

Ons DNA in die bos.

(Koorinleiding)

Daar was wêreldmagte

Wat ons al wou stilmaak

Maar ons hoop en geloof

het die stemme gedoof

(Koor)

Afrikaans is 100 jaar sterker,

Ons sal nooit weer terugtree nie,

Met elke woord, en elke stem,

Hoor jy die klop van ons vryheid,

Afrikaans is 100 jaar sterker,

Ons sal skree en opkyk

In ons taal sal ons groot berge versit,

Afrikaans ons trots jy is, ons erfenis

(Vers 3)

’n Ma mis haar kind en sy vind

Geen toevlug om hul huis toe te bring

Maar familie se bande is sterker as lande

Ons harte is soms so verblind

(Vers 4)

Niks kan ons keer of kan stop

Al smokkel dit soms met jou kop

Deur lag en deur seerkry

Hier sal ons saam bly,

As ons val dan staan ons weer op.

(Koorinleiding)

Daar was wêreldmagte

Wat ons al wou stilmaak

Maar ons hoop en geloof

het die stemme gedoof

(Koor)

Afrikaans is 100 jaar sterker,

Ons sal nooit weer terugtree nie,

Met elke woord, en elke stem,

Hoor jy die klop van ons vryheid,

Afrikaans is 100 jaar sterker,

Ons sal skree en opkyk

In ons taal sal ons groot berge versit,

Afrikaans ons trots jy is

(Brug)

Deur die see bos, of wit sand

Tuis in my hartsland

’n aanslag sal ons nie kan blus nie

Op ons knieë deur verdrukking

ons oë na Bo.

Generasies wat opstaan in God sal ons glo

(Koor)

Afrikaans is 100 jaar sterker,

Ons sal nooit weer terugtree nie,

Met elke woord, en elke stem,

Hoor jy die klop van ons vryheid,

Afrikaans is 100 jaar sterker,

Ons sal skree en opkyk

In ons taal sal ons nog berge versit,

Afrikaans ons trots jy is, ons erfenis